**D6 CONNECT**

Ons wil net weer die ouers aanmoedig om te registreer op D6 Connect toep om kommunikasie tussen ouer en onderwyser te vergemaklik. U kan die toep aflaai en volg dan net die maklike stappe.

**VOEDING!!**

Die behoefte vir voeding raak al hoe groter. Dankie aan diegene wat alreeds hulp aangebied het.

Ons voedingsprojek is in drie dele verdeel.

1.**Toebroodjies:** Enige ekstra broodjies vir pouses sal waardeer word. Stuur dit asseblief na Me. Van Rooyen se klas. Ons vra GROOT ASSEBLIEF ondersteun die projek en stuur 'n pakkie toebroodjies.

2.**Neem 'n gesin aan**: Met hierdie projek vra ons vir 'n skenking weekliks op Dins- en Donderdae van 1x brood; 1x ½ dosyn eiers en 2L melk. Hierdie kan in die personeelkombuis afgelewer word. (Sien skeurstrokie).

**3. Skenking van kos vir die voedingskombuis:**

Gr. RR en R: Enige stysel; rys, pap, meel, pasta, ens.

Gr. 1 en 2: Enige vleiserigheid; tuna, visblikkies, soya maalvleis, ens.

Gr. 3 en 4: Blikkieskos; groentes, bone

Gr. 5: Tee, koffie, sop, suiker, ens.

Gr. 6: Seep, tandepaste, ens.

Gr. 7: Enige vars produkte; melk, brood, groente, vrugte, ens.

Bogenoemde is riglyne, ouers kan egter na goed denke bydra soos u wil.

Kom ons wees omgee Pieries met omgee harte. Alle hulp word waardeer.

---

**AFSKEURSTROKIE VOEDING O/B 08/2021**

**NEEM 'N GESIN AAN**

Ek, ________________________________________ is bereid om vir die jaar 'n gesin aan te neem en die nodige voorraad by die skool af te lewer.

KONTAKNOMMER : ______________________________

www.laerskoolpierneef.co.za

# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383

## Omsendbrief 08/2021
## 6 April 2021



**KOOR**

Die koor oefen elke Woensdag 14:00 tot 15:00. Leerders van beide groepe 1 en 2 oefen. COVID-19 protokol sal streng toegepas word.

Die ouers van die leerders wat die oudisie geslaag het, is reeds in kennis gestel.

Baie geluk aan al dié leerders.

Anina Fourie
Jade Matshiana
Jenieke O'Connell
Christine Lombard
Eluandri Olckers
Danette Lindeque
Daniella De Bruin
Nathan Barnard
Caylyn de Beer
Heinrich Kok
Claudine Kotze
Ladoré Senekal
Trinity Bezuidenhout
Sandra-Kate Van der Merwe
Marnie Grobler
Elmanie Erasmus
Shalom Nokthula
Jayden Venter
Bella Vosloo
Luzanne Twala
Hope Motau
Brenda Motshitele
Nicolle Dupper
Jaco Beukes
Chanelle Collins



Amy Rolfe
Elzaan Greeff
Palesa Seerane
Jonay Van Niekerk
Inge Schoeman
Thope Tunji-esan
Danielle Weiss / Baat
Elke Fourie
Mikayla Dau
Dana-Lee Van Zyl
Risa Le Roux
Kiara Reedlinghuys
Tindall Van der Merwe
Bea-ann Van der Walt
Pierre Van Niekerk
Carla Vosloo
Reina Van Eeden
Merwede Küssel
Divandré Vom Hagen
Megan Brenchley



**MINI-NETBAL**



Ons begin vandag met oefening.

Oefentye: Maandae tot Donderdae

0/6 by Juf. Meranda en Juf . Verna (12:30-13:30)

0/7 by Juf. Maretha en Juf. Marianka (13:00-14:00)

0/8 by Juf. Maryke en Juf. Anja(13:00-14:00)

0/9 by Juf. Madri en Juf. Shanelle(13:30-14:30)

COVID-19 protocol sal streng toegepas word.

Geen toeskouers.

**RUGBY**

Rugbyoefeninge begin vandag amptelik vir die O/9, O/10, O/11, O/12 en O/13 seuns. Die oefeninge gaan plaasvind op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00.



Let asseblief daarop dat die seuns slegs oefen op die dae wanneer hulle by die skool is volgens hulle groepsindelings. Dit is belangrik dat elke seun sy eie waterbottel moet saambring asook die vrywaringsbriewe wat verlede week aan elke speler uitgedeel was.

**Netbal (Fiksheidsprogram)**



Netbaloefening begin amptelik Dinsdag 6 April 2021 vir die o/10, o/11, o/12 en o/13 meisies. Die oefeninge sal plaasvind vanaf 14:00 – 15:00 op die netbalbane, slegs vir die groep leerders wat daardie betrokke dag by die skool moet wees. Netbaloefening gaan plaasvind elke Maandag, Dinsdag, Woensdag en Donderdag. Neem kennis dat spelers slegs mag oefening bywoon indien dit hul groep se skooldag is. Alle Covid-19 regulasies gaan streng toegepas word. Geen ouer sal op die skoolterrein toegelaat word nie. Elke netbalmeisie moet asseblief oefening toe kom met haar eie waterbottel. Geen waterbottels mag tussen leerders gedeel word nie.

Kontakoefening mag nog nie plaasvind nie.



**NETBALPROEWE**

Die netbalproewe vir o/12 dogters vind Donderdag 8 April om 14:00 plaas. Almal wat wil kwalifiseer moet teenwoordig wees by die skool-proewe.

By hierdie geleentheid sal daar 7 spelers met die meeste potensiaal, soos op daardie stadium, verkies word.

**BULLETJIERUGBY**

Daar sal geen bulletjie oefening wees nie as gevolg van COVID-19 regulasies. Vergadering met ouers sal deur Mnr. Danie du Plooy (BL) gereël word om Bulletjie Rugby te bespreek. Datum sal deurgegee word.

**FINANSIES**

Uitstaande vrystellingsvorms moet asseblief so gou moontlik by Magda Schutte ingehandig word. Enige navrae ten opsigte van vrystellings kan gestuur word na finansies@laerskoolpierneef.co.za

**SKOOLGELD**

Baie dankie aan elke ouer wat reeds skoolgeld betaal het.

Ons doen 'n beroep op die ouers om maandeliks hul skoolgeldverpligting na te kom.



**ASSESSERINGS**



Leerders is steeds besig met assesserings. Daar word 'n beroep op ouers gedoen om toe te sien dat die leerders by die skool is die dae wat hulle hier moet wees.

**GRAAD 7 LO**

Gr. 7 leerders moet asseblief hierdie week hul LO assesserings in die klas, of gedurende PSW periodes voltooi.

Alle assesserings moet die einde van die week voltooi wees.

**FOTODAG**

Neem asseblief kennis dat foto's geneem gaan word 6,8 & 9 April 2021.

Groep 2 - Dinsdag 6 April 2021.

Die Gr. R & RR se fotodag is Donderdag 8 April 2021.

Groep 1 - Vrydag 9 April 2021.



**BAIE DANKIE**

Baie dankie aan die prefekte en hul ouers vir die heerlike Paasfees-ontbytbederf Donderdagoggend. Wat 'n heerlike verrassing!




